# DIE GESLAGREGISTER VAN JESUS CHRISTUS

Opsomming van die proefskrif van A. S. Geyser.

volgens Matth. 1 : 1-17 en Luk. 3 . 23-38

## HOOFSTUK I.

Die twee geslagregisters van Jesus Christus in Matth. 1 : 1-17 en in Luk. 3 : 23-38 bied van oudsher moeilikhede. Die Joodse laster het van die verskille tussen die twee weergawes gebruik gemaak om aan te toon dat Jesus die buite- egtelike kind was van sekere Phanthera by Maria, blykens 'n mededeling van Celsus (Origenes, Contra Celsum I. 32, 33, 69).

Dat hierdie die algemene opinie onder die Jode was, blyk ook uit die ongesensureerde Talmud. In 'n gesprek tussen Rabbi Aqiba en Rabbi Eliëser, word Jesus genoem „ben-Pantheri" in ooreenstemming met die opvatting dat Hy buite-egtelik gebore is (Aboda Sara 16b; 17a; Tosefta Chullin 2, 24). In 'n smaadskrif van latere datum, Toledoth Jesu, word Jesus ook voorgestel as ben-Stada.

Haeretici van allerlei rigting het geprofiteer uit hierdie onsekerheid en die Christene van die tweede eeu was in groot verleentheid oor die klaarblyklike ongerymdhede tussen die twee geslagsregisters. Tatianus het hulle dan ook albei eenvoudig uitgelaat uit sy Diatessaron (vgl. Hieronym. Comm. in Ep. ad Gal.); Julius Africanus (Eus. H.E. 1.7.1) het hul versoen met die teorie van 'n leviraatshuwelik waardeur Josef, die vader van Jesus voorgestel is as wetlike seun van Heli maar as natuurlike seun van Jakob. Hierdie het die heersende opinie gebly tot en met die opkoms van die radikale kritiek van die negentiende eeu, toe David Strauss en Ernest Renan die twee geslagsregisters verwys het na die gebied van die voor-evangeliese fiksie.

Met betrekking tot die probleem van die genealogieë van Jesus Christus, is ons eeu verdeel in twee kampe: die wat glo dat dit fiktief is en die wat glo dat hulle histories juis is in weerwil, of juis om rede van, die verskille.

## HOOFSTUK II.

As daar 'n oplossing vindbaar is vir die probleem dat Mattheüs die genealogie van Jesus aanvoer oor Salomo en die regerende koninklike Joodse lyn — ten minste tot die Ballingskap — en dat Lukas dit opnoem via Nathan, dan moet dit voortkom uit die ondersoek van die Joodse geslagsgeskiedskrywing. Ook die ander ongerymdhede,

soos die kontak tussen die twee gegewensreekse na Dawid en voor Josef, alleen nog in die persone van Sealtiël en Zerubbabel, moet sy verklaring uit hierdie bron van ondersoek vind.

So 'n ondersoek van die Joodse geslagsgeskiedskrywing bring al dadelik aan die lig dat daar onderskeid gemaak moet word tussen twee soorte van geslagsregisters, a. 'n deskenderende tipe, d.w.s. van vader na seun, met as verbinding tussen die verskillende sporte in die geslagsleer, die woord *holied;* b. 'n askenderende tipe, d.w.s. van seun na vader met *ben* as verbindingswoord. Die eersgenoemde is oorwegend die geslagsregistervorm van die Pre-exil; die laaste kom alleen in die post-exiliese tydvak voor. Deskenderende *holied*-registers kom nog wel in die post-exiliese tydvak voor, maar dan is dit duidelik archaïstiese produkte en word gebruik alleen in verband met Leviete en Dawidiede. 'n Ander merkwaardigheid wat uit die ondersoek blyk, is dat nog *holied* nog *ben* steeds in in eintlike sin verstaan moet word. Verder, die askenderende genealogieë met *ben* as verbindingswoord, 'n vorm wat voortdurend by die Kronist aangetref word, is duidelik 'n uittreksel uit die Jerusalemse Tempelargief. 'n Onderskeidende kenmerk van die *holied*-registers vóór en na die Ballingskap, is dat hule byna altyd ingedeel is in heptades en tesseradekades. Hierby moet nie vergeet word nie, dat die *holied*-registers van die tyd na die Ballingskap archaïsties gebruik is en dat hul aangewend is, nie alleen in die geslags-opgawes van Leviete nie, maar ook van Dawidiede.

## HOOFSTUK III.

Die eksegetiese ondersoek van die name in Matth. 1 : 1-17 bewys dat die Evangelis die grootste gedeelte van die inhoud van hierdie genealogie in skriftelike vorm voor hom gehad het; voorlopig wil ons sy bron noem, die Dawidiededokument. 'n Ontleding van Ruth 4 : 18vv. en I Kron. 1-3 bring ons tot die oortuiging dat dieselfde dokument ook ter beskikking gestaan het van die toevoeger van die dawidiese gegewens tot I Kron. 1-3 (in die vierde eeu voor Christus?) en van hom wat, deur die toevoeging van Ruth 4 : 18vv, die boek Ruth omskep het in 'n dawidiese geskiedenis. Verder, die twee toevoeginge tot Kronieke en Ruth toon duidelik dat die bron waaruit hulle geput is, net soos die register van Mattheüs, in heptades of in tesseradekades verdeel was.

Die derde tesseradekade in die register van Mattheüs, waarin, soos dit aan ons oorgelewer is, een lid ontbreek, moet aangevul word deur toevoeging van die naam van Sesbassar, tussen dié van Sealtiël en Zerubbabel.

Die uitlating van die name van vier joodse konings is veroorloof, nie alleen omdat uitlatinge op grond van die oneintlike gebruik *holied,* soos *ben,* nawysbaar is nie, maar ook omdat God self hulle verwerp het. Tenopsigte van die uitlatings van die name van die konings Ahasia,

Joas, Amasia en Jojakim, vergelyk II Kron. 22 : 7; II Kron. 24 : 22; II Kron. 25 : 16 en Jer. 22 : 18v., 36 : 30, 31. Alles wys daarop dat die vier name onder bespreking van oudsher uitgelaat is, reeds in die oorspronklike geskrif, die Dawidiede-dokument.

Deur die nadere ondersoek van die name in die lys van Mattheüs, kom aan die lig die eienaardigheid dat die post-exiliese name daarin oorwegend levitiese name is.

## HOOFSTUK IV.

Uit die ondersoek van die name ná Dawid in die perikoop, Luk. 3 : 23-38 blyk dat ook hulle, byna sonder uitsondering, levitiese name is. Gesien die feit dat Lukas 'n askenderende *ben*-genealogie gee, moet ons aanneem dat ons hier te doen het met 'n uittreksel uit die Tempel-argief. In die vorm waarin dit aan ons oorgelewer is, vertoon ook die Lukas-register 'n sewe-deling. Navorsing toon egter aan dat die name Matthat en Levi (3 : 24), Rhesa (93 : 27), Admin (3 : 33), Kainan (3 : 36) sekerlik, en dié van Kosam, Elmodad en Er (3 : 28) hoogwaarskynlik, latere toevoeginge deur kopiiste is wat die geslagsregister van Lukas, net soos dié van Mattheüs, heptadies wou laat verloop. Maar as egte uittreksel uit die Argief, kon die Lukasregister, tenminste vanaf Nathan tot by Jesus of tot digby Jesus, moeilik toevallig heptadies gewees het.

## HOOFSTUK V.

Die eerste vraag wat by die vergelyking van die twee lyste aan die orde moet kom, is of hulle reeds deel uitgemaak het respektiewelik van M (die jerusalemitiese bron waaruit Mattheüs geput het) en van Proto-Lukas.

Betreffende die register van Mattheüs, as Dawidiede-dokument, moet dit in verband gebring word met die kring van Jakobus die broer van die Here. Vlugtelinge uit hierdie kring het M, wat die genealogie bevat het, ná die verwoesting van Jerusalem saamgeneem na Antiochië waar dit deur die skrywer van die Mattheüs-evangelie ingesluit is in die boek teen ongeveer 85 n.C.

Volgens die joodse gebruik van geskiedskrywing was dit heeltemal van pas om 'n historiese werk te laat aanvang met 'n geslagsregister. *Toledoth,* die hebreeuse benaming vir geslagsregister, moet nie net opgevat word as genealogiese register nie maar ook as genealogiese geskiedenis. Dit is vir hierdie rede dat die geslagsregister nie net betrekking het op die kindheidsgeskiedenis nie maar op die hele boek.

Luk. 1-3 moet besien word as 'n eenheid op grond van die parallelisme tussen die geskiedenis van die Doper en Jesus wat daarin verhaal word. Alles spreek daarvoor dat dit ook as eenheid aan Lukas oorgelewer is. Maar die gedeelte onder bespreking vertoon só 'n

levitiese kleur—nie alleen omdat die name in die geslagsregister byna deurgaans levitiese name is nie, maar ook op grond van die treffende geskiedenisse oor die levitiese egpaar, Sagarias en Elisabeth — dat ons verplig is om daaraan 'n levitiese oorsprong toe te skryf. Dit is aanneemlik dat die priester, Sagarias, die uittreksel van die geslagregister uit die Argief te Jerusalem gemaak het; dat die dokument deur die kring van die dissipele van Johannes, wat hulself nog lank as 'n aparte groep gehandhaaf het, bewaar is. Na die verwoesting van Jerusalem is dit in skriftelike vorm deur hierdie vlugtende dissipele vir Lukas beskikbaar gestel.

Nadat Proto-Lukas sy finale vorm gekry het, ná 70 n.C., is Luk. 1-3 waarskynlik daaraan toegevoeg.

Mattheüs en Lukas is die enigste van ons kanonieke evangelies wat die genealogieë en die kindheidsgeskiedenisse bevat. Markus bevat dit nie omdat vóór 70 n.C. die einde van die wêreld verwag is. Onder 'n dergelike omstandigheid bestaan daar nie eintlik biografiese interesse nie. Die Evangelie volgens Johannes bevat dit ook nie, omdat teen 90 n.C., tydens die vervolginge van Domitianus, die verwagting van 'n spoedige wêreld-einde weer herleef het. Mattheüs en Lukas bevat dit wel omdat in die tydperk 74-86 n.C. die verwagting van die spoedige einde van die wêreld baie getaan het. Dit is een rede, die ander is dat juis in diê tyd die joodse anti-propaganda, wat hoofsaaklik gerig was teen die messianiteit van Jesus, sig ook laat voel het in die Diaspora. Mattheüs en Lukas, deur die toevoeging van die geslagsregisters, meen daarmee die geloof in die Messiasskap van Jesus te dien.

Die feit dat Mattheüs 'n geslagsregister van Jesus via Salomo en Lukas een via Nathan aanbied, is nie 'n kwessie van indiwiduele keuse nie, maar is die gevolg daarvan dat verskillende tradisies die twee skrywers bereik het.

Betreffende die verdeling van die mattheaanse geslagsregister in veertien-talle, dit was van oudsher ook 'n eienskap van die dawidiede-dokument; as mens die getal 14 opbreek in numeriese waardes dan verteenwoordig dit 4+6+4, wat op sy beurt getalle-simbolies weer kan staan vir D+W+D, wat in die hebreeuse skrif die volledige skryfwyse is vir die naam, Dawid. Hoogswaarskynlik moet ook 'n apokalyptiese onderstroom in hierdie skema van sewe-delinge gesoek word.

Die kronologiese vergelyking van die registers van Mattheüs en Lukas gee die volgende resultaat: oor 'n periode van ongeveer 550 jaar, d.i. vanaf Serubbabel tot op Jesus gee Lukas agtien geslagte aan; dit kom neer op ongeveer 30 jare vir 'n geslag; dit kom heeltemal ooreen met die joodse opvatting dat 'n geslag, bereken vanaf die geboorte tot die verwekking van 'n voortsetter van die geslag, by be-

nadering 30 jaar uitmaak. Mattheüs daarenteen, gee vir dieselfde tydperk maar net 12 geslagte aan, wat neerkom op ongeveer 46 jaar vir die duur van 'n geslag; in werklikheid is dit te lank vir 'n geslagsduur maar dit pas uitstekend vir die duur van 'n ampstermyn, wat sou begin op dertig-jarige ouderdom en eindig met die dood teen gemiddeld ses-en-sewentig-jarige leeftyd. Vir die Jode het 'n leeftyd juis tussen 70 en 80 jaar geduur. Samenvattend, die formele en kronologiese vergelyking van die geslagsregisters bewys dat Mattheüs nie 'n geslagsregister in die gewone sin van die woord gee nie; Lukas doen dit wel.

Die rede vir die verskille tussen die twee geslagsregisters is nou duidelik; die geslagsregister van Mattheüs is in werklikheid 'n lys van opeenvolgende ampsbekleders — vóór die Ballingskap van konings en ná die Ballingskap van Voorsitters van die Raad van Honderd-en-vyftig. Lukas gee die geslagsregister van Jesus via Nathan.

Aangesien die nakomelinge van Jegonja nie meer op die troon mag gesit het nie (vgl. Jer. 22 : 30), is die Voorsitter van die Raad, wat noodwendig 'n Dawidied via Salomo moes wees, geadopteer uit die naasliggende lyn van Dawidiede, t.w. die geslag van Nathan. Die eerste van hierdie persone wat dan tegelyk Salomoniet en Nathaniet moes wees, is Sealtiël, na hom is dit sy seun, Sesbassar; en na hóm, sy seun Serubbabel. Daarna gaan die twee lyne van suksessie weer vir goed uitmekaar omdat die salomo-dawidiese opvolging in die amp van Raadsvoorsitter voortgesit is deur een van die seuns van Serubbabel met die naam van Abihu en die nathaniese lyn voortgesit is deur 'n ander seun van Serubbabel met die naam Johanan.

Ondertussen is die post-exiliese Raad, met die opkoms van die Makkabeërs, verander in die Sanhedrin en die Makkabeërs self, wat Leviete was, het voortaan die voorsitterskap van die kollege beklee. Maar in ooreenstemming met die verwagting van die herstel van die troon en Dawid, is die ou Raad en die salomo-dawidiese voorsitterskap daarvan, latent bygehou. Die waardigheid van dié voorsitterskap is laastens nog beklee deur Jakob, die grootvader van Jesus. Hy het kinderloos gesterf en het geen opvolger in die amp nagelaat nie; op die ou prosedure is teruggegryp, en Josef, die seun van Heli, 'n nakomeling van Nathan is ge-adopteer as Salomoniet om die leeggelate posisie van Voorsitter van die latent bygehoue Raad te vul.

Die Desposunoi, wat ná die openbare breuk tussen Jodendom en Christendom, die gang van sake in hooftrekke nog onthou het, maar die bykomstige besonderhede vergeet het, het daarvan 'n rekonstruksie gemaak op die basis van die aan hulle algemeen bekende leviraatsgebruik; en hierdie rekonstruksie is dit wat aan Julius Africanus oorgelewer is.

Maar vanwaar kom die levitiese bloed in die lyn van Nathan

en na die vermenging daarvan met die lyn van Salomo, ook in die laaste? Die verklaring moet gesoek word in die ou gebruik om judese prinse en prinsesse uit te hu aan die priesterlike adel. Dit is 'n gebruik wat van oudsher nawysbaar is; Jojada die priester was byvoorbeeld die skoonseun van Athalia, die koningin-moeder en usurpatrix (vgl. II Kron. 22 : 11). Net so kan ons aanneem was Nathan getroud met 'n priesterlike prinses uit die levitiese geslag; sy nakomelingskap dra dientengevolge die levitiese name. Na die vermenging wat plaasgevind het tussen die salomoniete en die nathaniete het die levitiese naam-eie ook oorgegaan in die eersgenoemde lyn wat ons bekend is in hul hoedanigheid as voorsitters van die Raad van Honderd-en-vyftig.

Ons slotsom is dus dat Mattheüs die lys van opvolgers in die amp van Raadsvoorsitter gee; Dit het aan die skrywer van die eerste Evangelie toegekom deur middel van M. Lukas gee 'n werklike geslagsregister van Jesus; dit is aan die Evangelie-skrywer oorgelewer deur iemand uit die dissipele-kring van Johannes die Doper.